View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# DIE PERSOONLIKE GELOOFSDAAD VAN DIE NAGMAALSGEBRUIKER

B.J. de Klerk
J.J. van der Walt
Departement Diakoniologie
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*THE ACT OF PERSONAL FAITH OF THE COMMUNICANT*

*The aim of this article is to determine the nature of the communicant's act of faith in the Three Formulae of Unity. The main theses are:*

- *Holy communion is only instituted for the reborn to nourish their spiritual and heavenly life.*
- *The only food that can strengthen the new life is the exalted, living Christ, also in accordance with his human nature.*
- *The most important act which occurs during Holy Communion is Christ's act of giving Himself. In fact the reborn partakes of the true Christ with the Holy Spirit and is thus nourished.*
- *Because Christ is in heaven, the communicant must raise his heart towards heaven to partake of Christ and to make Him his own.*

## 1. DOELWITTE EN WERKPLAN

Gelowiges gebruik gereeld Nagmaal. Die vraag is of ons werklik in die Nagmaalsgebruik beleef wat ons in die belydenis daaroor bely. Wie soekend die rykdom van die belydenis aangaande die Nagmaal ontdek, sal in sy persoonlike deelname aan die Nagmaal 'n radikaal ander geestelike versterking ervaar.

By die bespreking van bogenoemde, word die volgende werkplan gevolg:

> Elkeen van die Drie Formuliere van Eenheid is in sy diepste aard 'n lewende, persoonlike geloofsdaad en nie 'n abstrakte historiese geskrif nie. Elke belydenisskrif is 'n afgeronde eenheid en, weens die eenheidsaard van die betrokke geskrif, moet daar vasgestel word wat die plek van die belydenis aangaande die Nagmaal in die betrokke geskrif is. Het dit by elk dieselfde organiese plek in die geheel van die geskrif en watter afleidings kan gemaak word uit die plek wat dit in die Belydenisskrif inneem?

Daarna sal nagegaan word wat die wesenstrekke van die belydenis aangaande die sakramente oor die algemeen en die Nagmaal in die besonder is. Sê dit iets vir die persoonlike geloofsuiting van die Nagmaalsgebruiker?

In hierdie opsig sal die aandag in die besonder op die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) toegespits word en daarom word aan die hand van die gedagtegang van die Nederlandse Geloofsbelydenis nagegaan hoedanig die persoonlike geloofsdaad van die Nagmaalsgebruiker behoort te wees. Die eenheidsgedagte van artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word nagegaan en uitgebou. Daar word ook nagegaan hoe die ander belydenisskrifte daarby inpas en watter klem dit op ander aspekte van die belydenis aangaande die Nagmaal laat val.

Ten slotte sal gepoog word om vanuit die kerk se belydenis deur die eeue en vandag, tot gevolgtrekkings vir die persoonlike geloofsdaad van die Nagmaalsgebruiker te kom.

## 2. DIE PLEK VAN DIE BELYDENIS AANGAANDE DIE SAKRAMENTE IN DIE VERSKILLENDE BELYDENISSKRIFTE

Die kerk getuig vandag opnuut in die Belydenisskrifte wat hy, volgens die Woord van God, vir waarheid hou. Daarom gee die Belydenisskrifte uitdrukking aan die kerk se gemeenskaplike geloof. Die doel van die Belydenisskrifte is om

- openbare getuienis te gee van die waarheid van die geloof en die leer van die kerk (NGB aan Koning Filips II);
- om die kerk innerlik te versterk, veral die opkomende geslagte (Heidelbergse Kategismus);
- om die waarheid teen dwaling te handhaaf (Dordtse Leerreëls);
- om die eenheid van die gelowiges tot uitdrukking te bring, te bewaar en te bevorder (Formuliere van Eenheid).

### 2.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis

Vir die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis was bely 'n saak van gehoorsaamheid. Daarom laat hy sy belydenis voorafgaan deur die volgende tekste: Matteus 10:32, Markus 8:38; Romeine 10:10; 2 Timoteus 2:12 en 1 Petrus 3:15. Belydenis was dus die persoonlike geloofsdaad van die opsteller. Dit was die oorspronklike bedoeling met die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die Belydenisskrif was aan Koning Filips II gerig om hom in te lig oor die gemeenskaplike geloof van honderdduisende

mense in Nederland wat ten onregte vir skeurmakers, ketters en rebelle uitgeskel is. Die geloofstuk is ook aan die State van Holland gestuur sodat die Gereformeerdes nie deur die oproerige Wederdopers verwar sou word nie (Van Goor, 1946:8). Die bedoeling van die Belydenisskrif was dus om die gereformeerde geloof openlik teenoor die wêreld te getuig. Dit is egter ook opgestel ter wille van die innerlike skoling van die Gereformeerdes self. Dit was dus 'n geloofsdaad van honderdduisende mense.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is die dogter van die *Confessio Gallicana* genoem en daaruit, asook uit Guido de Brès se kontak met Calvyn, kan die invloed van Calvyn op die Nederlandse Geloofsbelydenis aangaande die Nagmaal verklaar word (Delleman, 1978:8; Polman, s.j.:228; kyk Simpson 1981:56-67). Die Nederlandse Geloofsbelydenis is juis daarom 'n tetiese uiteensetting van die geloofsoortuiging van die Gereformeerdes met polemiese aspekte: teenoor Rome, veral wat die sakramente betref en teenoor die Wederdopers (Van Bruggen, 1980:16). Die Nederlandse Geloofsbelydenis volg 'n teologiese orde, want dit gaan van God uit, beskryf dan sy werk na buite in die skepping, voorsienigheid, verlossing en in sy voleinding van alle dinge (Polman, s.j.:26).

In die Nederlandse Geloofsbelydenis word eers oor die verlossing in Christus gehandel en daarna oor die Kerk, veral vanuit die oogpunt van die ware en valse kerk en die ware en valse gelowige. Eers daarna kom die sakramente aan die orde. Daar word dus baie skerp skeiding gemaak tussen geloof en ongeloof, asook tussen geloof en valse geloof voordat daar gekom word by die belydenis aangaande die Nagmaal. In artikel 35 word hierdie skeiding voortgesit. By die Nagmaal word van die standpunt uitgegaan dat die sakrament alleen vir ware gelowiges ingestel is.

### 2.2 Die Heidelbergse Kategismus (Kategismus)

Die Kategismus het primêr onteenseglik 'n opvoedkundige karakter. Dit blyk uit die opdrag tot die opstel daarvan, die vorm waarin die belydenis gegiet is en die gebruik daarvan deur die eeue. Die goue draad wat deur die Kategismus loop, is dié van die geloof, wat reeds in vraag en antwoord 1 tot uitdrukking gebring word en veral in vrae en antwoorde 20, 21 en 59-64 in die vorm van 'n omskrywing van wat geloof is, bely word.

Nadat die beskrywing van wat geloof is en die inhoud van geloof op 'n logiese wyse omskryf is, word die vraag na die ontstaan en groei van die geloof aan die orde gestel. Eers wanneer die geloof daar is, kan daar sprake wees van versterking van die geloof deur die Heilige Gees, deur middel van die Woord en sakramente. Ook hier is dit duidelik dat die sakramentsbelydenis volg nadat die skeiding tussen geloof en ongeloof skerp getrek is.

Soos in die Nederlandse Geloofsbelydenis is die belydenis aangaande die sakramente met dié van die tug verbind, maar dit is tog opvallend dat dit in die Kategismus volg op dié van die Nagmaal, terwyl dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis aan die behandeling van die sakramente voorafgaan. Dit kan waarskynlik verklaar word op grond van die feit dat die Nederlandse Geloofsbelydenis in die voorafgaande artikels so skerp onderskeid tussen ware en valse geloof tref.

Die Heidelbergse Kategismus het wat die sakramente betref, 'n sterk antitetiese karakter en sover dit die Nagmaal aangaan, staan dit veral sterk teenoor Rome. Juis daarom word daar, benewens dieselfde aspekte wat die Nederlandse Geloofsbelydenis aangaande die Nagmaal bely, ook klem op die gedagteniskarakter gelê. Daarmee word die eenmalige offer, die sakramentele karakter van die tekens en die feesmaalkarakter van die Nagmaal teenoor die Roomse mis beklemtoon.

### 2.3 Die Dordtse Leerreëls

Die sterk polemiese karakter teen die Remonstrante laat die Belydenisskrif van die Dordtse Leerreëls 'n bepaalde struktuur aanneem (Feenstra, 1937:1). Die werk van God en die verantwoordelikheid van die mens is voortdurend in hierdie belydenis ter sprake. Die belydenis aangaande die sakramente oor die algemeen kom in die laaste hoofstuk, net voor die slotparagraaf, aan die orde. Daar word in die Dordtse Leerreëls nie afsonderlik oor die doop en die die Nagmaal gehandel nie, en die sakramente word net in die algemeen genoem (Van der Waal, 1973:19).

Eers wanneer dit vasstaan dat die gelowige deur God verkies, deur Christus verlos en deur die Heilige Gees wederbaar is, word in die gedeelte oor die volharding van die gelowiges oor die sakramente as middele tot die voortsetting en voleinding van God se genadewerk gehandel. In die deel van hoofstuk 5 wat oor die verwerping van die dwaling handel, naamlik paragraaf 6, word ook na God se genade en die werking van die Heilige Gees verwys en word veral die krag daarvan bely. Deur die sakramente, en daarom ook die Nagmaal, is die krag van God aan die werk.

## 3. DIE BELYDENISSKRIFTE EN DIE VRAAG: WAT IS SAKRAMENTE?

Die bedoeling van die sakramente word in artikel 33 van die Nederlandse Geloofsbelydenis met drie sinne wat met "om" begin, aangedui: " Om sy beloftes te beseël, om tekens van sy genade en goedheid te wees en om ons geloof te voed en in stand te hou."

Die Kategismus het 'n kenmerkende wyse om 'n aspek van die belydenis te omskryf: daar word 'n aanvanklike definisie gegee, die aspek word behandel en dan word die

definisie aan die einde afgerond. Dit is die geval met die geloof (vgl. Sondag 7 en 23, 24) en ook met die Nagmaal. In vraag en antwoord 66 word die doel só omskryf: "... om die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël". In vraag en antwoord 76 en 81 word bygevoeg dat die Nagmaalsgebruiker aktief by die gebruik van die Nagmaal Christus se lyding en sterwe aanneem, dat hy daardeur vergewing van sonde en die ewige lewe verkry en dat hy daardeur met Christus verenig word. Die voed en instandhou van die geloof kom in vraag en antwoord 81 regstreeks aan die orde.

Die bedoeling van die sakramente is om die Goddelike genadewerk in ons te bewaar, voort te sit en te voleindig (Dordtse Leerreëls V, 14; vgl. Feenstra, 1937:207). In al drie Belydenisskrifte is die belangrikste doelwit om die geloof te voed en in stand te hou. Die viering van die Nagmaal verg daarom 'n geloofsdaad van die Nagmaalsgebruiker.

## 4. 'N STUKTUURONTLEDING VAN ARTIKEL 35 VAN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

In artikel 35 word hoofsaaklik aangesluit by die derde doelwit van die sakramente, soos dit in artikel 33 van die Nederlandse Geloofsbelydenis beskryf word, naamlik "om ons geloof te voed en in stand te hou". Dwarsdeur die artikel word die tema van *voed* vasgehou.

Omdat die Nederlandse Geloofsbelydenis nie oorspronklik van opskrifte by die artikels voorsien was nie (Van Bruggen, 1980:15), het die eerste sinne van die artikels aangedui wat die hoofinhoud daarvan was. So is dit ook in artikel 35: "Ons glo en bely dat ons Verlosser, Jesus, Christus, die sakrament van die Heilige Nagmaal beveel en ingestel het om hulle te *voed* en te *onderhou* wat hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het". Die hoofgedagte van artikel 35 kan dus soos volg saamgevat word: die Nagmaal is ingestel as voedsel vir die wedergeborene se lewensonderhoud en geloofsgroei. Dit word in die eerste paragraaf breedvoerig uitgewerk.

In die tweede paragraaf word geantwoord op die vraag wat ons as voedsel vir ons lewensonderhoud ontvang. In paragrawe drie tot vyf word vervolgens op die volgende vrae geantwoord: hoe nuttig ons die voedsel, wat doen die voedsel aan ons, wat doen die voedsel aan nie-wedergeborenes? Die sesde en laaste paragraaf roep die gelowige op om die voedsel in nederigheid en eerbied in die samekoms te geniet (vgl. Matter, 1978:192).

Die Kategismus, getrou aan sy pedagogiese aard, volg in sy belydenis dieselfde orde as

by die doop, en die verskillende vrae en antwoorde moet as 'n eenheid gesien word. In die eerste vrae en antwoorde (69 en 75) gaan dit oor die tekens wat *wys* en *verseker*. In die tweede stel vrae gaan dit om die betekenis van die was met Christus se bloed en die eet van Christus se liggaam (70 en 76). Dit gaan dus nie net meer oor die tekens van die doop en Nagmaal nie, maar oor die betekende saak. In die derde stel vrae gaan dit oor die Skrifbewyse van die waarheid wat in die vorige vraag gestel is (71 en 77). Daarmee word die tetiese deel van die belydenis van die doop en die Nagmaal afgehandel en word oorgegaan tot die afwysing van dwalinge wat in die Rooms-Katolieke Kerk leef (72,73 en 78,79). Daarmee eindig die parallelisme tussen die doop en die Nagmaal en word daar by die doop en die volgende vraag ingegaan op die onderskeid tussen die Gereformeerde doop en dié van die Wederdopers (74), en by die Nagmaal op die onderskeid tussen die Nagmaal en die Roomse mis (80). Die vrae en antwoorde 81 en 82 stel die noodsaak van die regte gesindheid by die gelowige en die sekerheid van verlossing, asook die noodsaak van toesig en tug onderskeidelik (kyk Van Bruggen, 1980:177).

Uit hierdie struktuurontleding blyk dit dat by die doop en Nagmaal, die eerste twee vrae as 'n eenheid die geloof as 'n stygende lyn tot uitdrukking bring. Dit begin by wat gesien kan word (69 en 75) en lei dan tot die onsienlike wat net met die *geloofsoog* gesien kan word (70 en 76). By dit wat gesien kan word, gaan dit oor die *wys* en *verseker* en daarby is die gedagtenis ter sprake. Waar dit gaan om dit wat alleen met die *geloofsoog* gesien kan word, gaan dit om die vereniging met Christus en die daaruitvoortvloeiende deelkry aan die vrug van sy werk in die verlede. Dit gaan egter ook om die vrug in die hede: vergewing van sonde, die vernuwing van die lewe (70) en die verkryging van die ewige lewe; asook die sekerheid dat ons deur die Gees van Christus geregeer word (76).

In die Dordtse Leerreëls word die belydenis aangaande die sakramente in die perspektief van die voortsetting en voleinding van God se genadewerk geplaas (Van der Waal, 1973:118).

Omdat daar, vanweë die aard van die drie belydenisskrifte, by elk 'n eie struktuur aangaande die Nagmaal gevolg word en daar tog die allerduidelikste ooreenstemming is, word in hierdie artikel die struktuur van die Nederlandse Geloofsbelydenis gevolg en word die ander twee belydenisskrifte daarmee saam behandel.

## 5. NAGMAAL INGESTEL AS VOEDSEL VIR DIE WEDERGEBORENE SE LEWENSONDERHOUD EN GELOOFSGROEI

Die gelowige bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis dat ons Verlosser, Jesus

Christus, die Nagmaal beveel en ingestel het ten einde die wedergeborenes te voed en te onderhou. Die subjek van die Nagmaal is Jesus Christus en Hy is primêr die handelende Persoon in die Nagmaal. Die Nagmaalsgebruiker sal by die viering van die sakrament as eerste geloofsdaad Christus as Persoon moet erken en sy werk ontvang. Die doel van Christus met die gee van die Nagmaal aan die gelowige, is om die wedergeborene te voed (Van Bruggen, 1980:179). Uiteraard is dit nie die enigste voedsel nie, want sowel die Woord as die Nagmaal voed die geloof.

Dit is belangrik dat die Nederlandse Geloofsbelydenis as uitgangspunt neem dat die Nagmaal alleen aan die gelowige gegee is. In die Nagmaal is die wedergeborene die objek van Christus se werk (vgl. Calvyn se Kategismus, vraag 366, in Simpson, 1981:66). In die eerste paragraaf van artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is dit die hoofsaak wat aan die orde is. Die Dordtse Leerreëls praat ook eers van die wedergeboorte (III en IV, 11 en 12; V, 7) en daarna van die gebruik van die sakramente. In die Kategismus, vraag 75, word by die opening van die belydenis aangaande die Nagmaal ook gesê dat "Christus my en alle *gelowiges* beveel het" om Nagmaal te gebruik. Die basiese ondersoek van die kerkraad voor Nagmaal moet dus sterker gerig wees op die vrug van die wedergeboorte in die lewe van die gelowige.

In artikel 35 word die aard van die lewe van die wedergeborene beskryf - juis die lewe wat Christus deur die Nagmaalsgebruik voed. Dit is 'n geestelike en hemelse lewe. Daarna word gesê hoe die geboorte plaasvind, naamlik "deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus". Dit is opvallend dat by die Woord van die evangelie ook bygevoeg word "in die gemeenskap van die liggaam van Christus". Wat word hier met "die gemeenskap van die liggaam van Christus" bedoel? Is dit die kerk wat hier ter sprake kom? Tog nie, want die kerk kan tog nie by die wedergeboorte iets tot stand bring nie; dit is immers die werk van God alleen. Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat ook in die artikels wat oor die kerk handel van "die liggaam van die kerk". In artikel 35 word van die "liggaam" alleen in die sin van die werklike liggaam van Christus gepraat. Daarom is dié wat Hy wederbaar het in sy huisgesin, die kerk, ingelyf (van Goor, 1946:343).

Die wedergeboorte wat plaasvind deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus, beteken dus hier: deur die Woord van die evangelie vind daar gemeenskap tussen die dooie sondaar en die liggaam van Christus, die verheerlikte lewende Christus, plaas. Deur hierdie gemeenskap, wat deur die kragtige werking van die Heilige Gees plaasvind, verkry die sondaar die nuwe geestelike en hemelse lewe (Feenstra, 1966:388). Dit is dieselfde lewe wat die verheerlikte Christus na sy Godheid en mensheid verwerf het en nou besit (Simpson,1981:62).

Soos die wedergeboorte in die gemeenskap met die verheerlikte liggaam van Christus

plaasgevind het, so moet die voed van die nuwe lewe ook in die gemeenskap met die liggaam van die verheerlikte Christus plaasvind. Omdat die lewe ontstaan het uit die gemeenskap met die verheerlikte liggaam van Christus, het die lewe dieselfde aard as die verheerlikte liggaam van Christus: geestelik en hemels. En omdat die aard van die lewe geestelik en hemels is, kan dit deur niks anders gevoed word as dit wat geestelik en hemels is: die liggaam van Christus, wat nie meer hier op aarde is nie, maar wat in die hemel is (Matter, 1978:194).

Hiermee stel die Nederlandse Geloofsbelydenis, in navolging van Calvyn, ons belydenis teenoor Rome, wat glo dat Christus liggaamlik nog op die aarde is. Dit word ook gestel teenoor die Lutherse belydenis, wat die mensheid van Christus in en onder die viering van die sakrament soek. Die belydenis van die Nederlandse Geloofsbelydenis word ook gestel teenoor Zwingli, wat nie die eet van die verheerlikte liggaam erken nie en daarmee die verband tussen wedergeboorte en die voedsel van die wedergeborene misken (Hartvelt, 1966:60,61; vgl. Hartvelt, 1960:191-230 vir 'n breedvoerige uiteensetting).

Die eerste paragraaf van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel hierdie beginseluitgangspunte voorop en brei dan nog verder uit op die wedergeboorte en die instandhouding van die nuwe lewe deur die onderskeid tussen die liggaamlike en aardse lewe en die geestelike en hemelse lewe. Eersgenoemde moet in stand gehou word deur die aardse en gewone brood, wat die liggaamlike en aardse lewe dien. Laasgenoemde lewe is geestelik en hemels en word in stand gehou deur die lewende Brood wat uit die hemel neergedaal het.

Soos die aardse brood wat God gee deur mense geëet moet word, so moet die hemelse Brood ook deur die wedergeborene geëet word. Die hemelse Brood is die opgestane Christus, en dan bekelmtoon die Nederlandse Geloofsbelydenis veral sy verheerlikte liggaam. Hy word geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang. Hier word dus die geloofsdaad van die wedergeborene, wat in die Nagmaalsviering moet volg op die daad van Christus, beskryf. Hierdie daad is om die lewende Christus, meer spesifiek, sy verheerlikte hemelse liggaam, deur die geloof toe te eien en te ontvang. Vir die instandhouding van die geestelike lewe van die wedergeborene kan en moet hy 'n geestelike daad doen: toe-eien en ontvang. Die instrument waarmee hy dit doen, is die geloof as vrug van die wedergeboorte. Vir sy hemelse lewe moet die wedergeborene hemelse voedsel kry, dit wil sê voedsel wat in die hemel is, en daarvoor moet hy sy hart verhef na Jesus Christus ons Voorspraak aan die regterhand van sy hemelse Vader (Polman, s.j. :237)

Dit wat ons in die Kategismus hieroor bely, is hiermee ooreenstemmend: "Hyself voed en verkwik my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed" (75; vgl. vraag 76 en

77, asook 79 se woorde: "Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as regte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe" (vgl. Popma, 1962:189).

Die gelowige bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis eerstens die betekende saak. Dit is die eintlike saak en eers aan die einde van die lang en gelaaide eerste paragraaf, word oor die teken self gehandel. Omdat ons goeie God met ons stompsinnigheid en swakheid rekening hou (artikel 33), het Christus, om hierdie geestelike en hemelse brood vir ons af te beeld, aardse en sigbare brood as teken van sy liggaam en wyn as teken van sy bloed gebruik (Van Bruggen, 1980:178). Die Kategismus volg ook dieselfde patroon deur eers oor die betekende saak en daarna oor die teken te handel (vgl. vraag en antwoord 66,67,75 en 79).

## 6. WAT ONTVANG ONS AS VOEDSEL VIR ONS LEWENSONDERHOUD?

In die tweede paragraaf word die verband tussen die teken en die betekende saak, of liewer betekende Persoon, getrek om te kenne te gee wat ons as ware voedsel vir die geestelike en hemelse lewe ontvang.

Die wedergeborene is vir sy nuwe lewe volkome afhanklik van die Persoon, wat eerste liggaamlik 'n geestelike en hemelse mens geword het. Om die nuwe lewe in stand te hou, moet hy voortdurend deel hê aan die lewe van Jesus Christus. Hy is die wynstok en die wedergeborenes die ranke. Die deelgenootskap of gemeenskap bly funksioneer solank as wat die lewende Here Jesus Homself en daarmee saam sy geestelike en hemelse lewe, meedeel. Dit doen Hy in sy Woord en ook in die Nagmaal. Sy daad in die Nagmaalsviering is die gee van sy liggaam en bloed. In die Kategismus word dit beklemtoon dat dit sy gekruisigde liggaam en bloed is, terwyl die Nederlandse Geloofsbelydenis beklemtoon dat dit die *ware* liggaam en bloed van Christus is. Dit hoef nie noodwendig as 'n verskil aangeteken te word nie (Feenstra, 1986:392), want albei beklemtoon dat dit die liggaam en bloed van die verheerlikte Christus is (vgl. Kategismus vraag 47), wat deur lyde en sterwe heen die nuwe en geestelike en hemelse lewe vir ons verwerf het.

Die Nagmaalsgebruiker se daad is om die ware liggaam en ware bloed van Christus te ontvang en toe te eien (soos hy waarlik die tekens ontvang en in sy hande hou) en om Christus met die *mond van die siel* te eet, soos hy die brood eet en die wyn drink. Dit doen hy deur die geloof en so word sy daad in die gebruik van die Nagmaal 'n geloofsdaad (Hartvelt, 1966:65). Die onsienlike Christus word nie net met die *geloofsoog* gesien nie maar ook met die *geloofsmond* geëet (Van Bruggen, 1980:182).

Die Kategismus beklemtoon ook dat die Nagmaalsgebruiker Christus as voedsel vir sy lewensonderhoud ontvang ( vraag en antwoord 75,76,78 en 79). Die deel-verkry en deel-hê aan Christus word baie sterk beklemtoon en daarmee word die gemeenskap met die liggaam en bloed van die lewende Christus beklemtoon. Dit is nie geregverdig om uit die belydenis volgens die Kategismus af te lei dat die Nagmaal bloot 'n herdenkingsmaaltyd is waar die gebruiker sy gedagtes op die verlede, in die besonder die kruisiging, moet rig nie (vgl. Popma, 1962:223).

## 7. HOE NUTTIG ONS DIE VOEDSEL?

In die derde paragraaf beklemtoon ons in ons belydenis dat ons nie by die tekens moet bly vassteek nie. Christus gee die sakrament nie bloot as 'n teken nie, want dit staan bo alle twyfel vas dat Hy in ons alles doen wat Hy vir ons in hierdie teken voor oë stel. Dit verwys na die eerste paragraaf se woorde: Christus voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges. In die viering van die sakrament doen Hy dit en daarom is die sakrament nie vergeefs voorgeskryf nie. Die Nederlandse Geloofsbelydenis leer hier dat dit 'n Goddelike misterie is wat plaasvind en daarom gaan dit ons verstand te bowe.

Dan volg seker die duidelikste uitspraak in die belydenis van wat die gelowige se geloofsdaad in die Nagmaal is: "Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie ..." Die woordkeuse en formulering van die belydenis is hier van die uiterste belang. Hier word van die eie liggaam en eie bloed van Christus gepraat, maar meer nog - die eie en *natuurlike* liggaam van Christus. Met die eie en natuurlike liggaam en eie bloed van Christus word na sy menslike natuur verwys (vgl. Kategismus vraag en antwoord 47,48 en 49).

Die nuwe van die derde paragraaf van artikel 35 is die beskrywing van die manier waarop ons die eie en natuurlike liggaam en eie bloed van Christus eet en drink: "... nie met die mond nie, maar met die Gees deur die geloof". Voorheen is al genoem dat hy geëet word, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang word (Van Bruggen, 1980:180). Hier word nou verder die werking van die Gees aangedui. Die werking van die Heilige Gees is ondeurgrondelik en onbegryplik, maar dit hou nie in dat die Gees nie hierin kragtig werksaam is nie (Polman, s.j. :231). Die teensteling wat hier gemaak word, is: met die mond, teenoor met die Gees. Die Gees wat in die wedergeborene woon, is die instrument (sintuig, soos die mond) waardeur die gelowige deel aan die eie en natuurlike liggaam en eie bloed van Christus kry. Die Gees bewerkstellig die inneem van die geestelike voedsel, en die bloedstroom waardeur die eie en natuurlike liggaam en eie bloed na die geestelike en hemelse lewe van die

wedergeborene vervoer word, is die geloof (Barclay, 1967:90).

Hier word op die belangrike werk van die Gees in die Nagmaal gekonsentreer. Dit is alreeds in artikel 33 aangeraak: "Dit (die sakramente) is immers sigbare tekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak, en deur middel daarvan werk *God in ons deur die krag van die Heilige Gees*". Die werk van die Heilige Gees in die sakramente word met oortuiging in die Kategismus bely: die Gees versterk die geloof deur die sakramente (65); die Gees verseker ons deur die sakramente (67); die Heilige Gees verenig ons met die geseënde liggaam van Christus wanneer ons sy liggaam eet en sy bloed drink (76); ons kry deur die werking van die Heilige Gees deel aan Christus se ware liggaam en bloed (79); die Nagmaal betuig aan ons dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word (80; vgl. Dijk, s.j. :210). Die Dordtse Leerreëls volg dieselfde lyn in die belydenis van die werk van die Gees (V; 10,11) en die gebruik van die heilige sakramente (V; 14).

Dit wat deur die werking van die Heilige Gees tot stand kom, is 'n absolute wonder, want daardeur hou Christus nie op om ons deur die geloof aan Homself deel te laat hê nie. Hier word spesifiek na die lewende en verheerlikte Christus verwys wat aan die regterhand van sy Vader sit. Byna in soortgelyke woorde bely die Kategismus (80): "Die Nagmaal betuig aan ons dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf *word*, wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is". Volgens die aard van die Kategismus is hierdie woorde die afronding van die belydenis oor die betekenis van die Nagmaal.

Dit is dus uit die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Kategismus duidelik dat die Nagmaal nie maar bloot 'n herdenkingsmaaltyd is waardeur gemeenskap beoefen word met die kruisdood van Christus twintig eeue gelede nie. Dit is gemeenskap hê, deel hê, toe-eiening en aanneming van die lewende Christus, veral ook na sy menslike natuur, sodat deur die gemeenskap die gelowige as mens al meer gelyk kan word aan die verheerlikte Christus.

## 8. WAT DOEN DIE VOEDSEL AAN ONS?

Die Nederlandse Geloofsbelydenis beklemtoon die gedagtegang van die voed en onderhou van die nuwe hemelse lewe. Daarom sê die belydenis dat die Nagmaal 'n feesmaal, 'n geestelike maaltyd is. Dit is opmerklik dat die oorspronklike letterlike vertaling van die Nederlandse Geloofsbelydenis hier "geestelike *tafel*" is. Wanneer die nuwere vertaling die betekenis op 'n dinamiese wyse na vore wil bring, word van 'n geestelike maaltyd gepraat (Polman, s.j. :242). Die betekenis van die tafel word hiermee in die regte lig gestel.

In die vierde paragraaf van artikel 35 word herhaal dat Christus die ware voedsel is wat meegedeel word. Tog is hier 'n belangrike uitbreiding: wat meegedeel word, is eers Christus en daarmee saam sy weldade. Dit word in een sin twee keer herhaal: "... waar Christus Homself met sy weldade aan ons meedeel ... en waar Hy Homself en die verdienste van sy lyde en sterwe laat geniet" (Kategismus vraag 79). Die wedergeboorte vind in gemeenskap met die liggaam van Christus plaas en net so ook die voed van die nuwe lewe. Die Nagmaalsgebruiker kan dus niks van die vrug van die werk van Christus verkry alvorens hy homself nie die Persoon wat Homself in die Nagmaal meedeel, toe-eien nie. Wie Nagmaal gebruik, moet homself vooraf ondersoek of hy bewus is Wie Christus in die eerste plek in die Nagmaal meedeel.

Daar vind eerstens in die Nagmaalsviering 'n *mede-deling* en 'n *laat geniet* plaas. Dit is die werk van die Seun van God en sy werk is die deurslaggewende in die Nagmaal. En tog is daar 'n heerlike inskakeling van die verbondsgenoot aan die verbondsmaaltyd van die Here. Christus *voed*, *versterk* en *vertroos*, Hy *verkwik* en *herstel* as ons eet en drink (Feenstra, 1966:391). Die gelowige moet met die Gees deur die geloof geestelik toe-eien en ontvang, anders word hy nie gevoed, ensovoorts nie. Dit is die geloofsdaad van die Nagmaalganger.

Die voedsel is Christus en daarmee hang saam sy weldade en verdienste. Die voedsel is gerig op "ons arme troostelose siel". Ook die Kategismus (75 en 79) praat van sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed as egte voedsel en drank vir ons siele. In die verband waarin *siele* in die Nederlandse Geloofsbelydenis en Kategismus voorkom, wys dit op die geestelike en hemelse lewe van die wedergeborene (Ursinus, 1886:22). Wat doen die voedsel, Christus en sy weldade aan die nuwe lewe?

In die Nederlandse Geloofsbelydenis word vyf werkwoorde gebruik: *voed, versterk, vertroos* (by "sy liggaam") en *verkwik, herstel* (by "sy bloed"). Die Kategismus gebruik *voed* en *verkwik* ook by "liggaam" en "bloed" onderskeidelik. Dit is 'n gemeenskaplike aktiwiteit wat gesamentlik deur al die werkwoorde aangedui word: *versterk, bemoedig, opbeur*. En tog is daar eie beklemtoninge wat nie misgekyk moet word nie. *Voed, versterk en vertroos* word in verband met die liggaam van Christus gebruik en *verkwik, herstel* in verband met die bloed van Christus.

*Voed* verwys na die arme siel, wat versorg, onderhou en kos gegee moet word. Dit sou verder ook iets van koester en aanwakker kon beteken. Die ware voedsel *versterk* die siel, maak sterker, kragtiger, bemoedig en voorsien van krag. Die troostelose siel word met die liggaam van Christus *vertroos*, dit wil sê bemoedig en opgebeur. Die laaste werkwoord sluit aan by die eerste wat in verband met die bloed van Christus staan: *verkwik*. Dit beteken ook bemoedig, opbeur, troos, maar verder ook opfris, verfris, laaf, nuwe krag en moed gee. Die laaste werkwoord wat gebruik word om te leer wat

die voedsel, Christus, aan ons nuwe lewe doen, kom as 'n verrassing. As ons sy bloed drink, dus deel kry aan sy lewe, herstel Hy ons arme, troostelose siele. Hy plaas dit terug en bring dit terug in sy oorspronklike toestand - meer nog, Hy maak ons vry van sonde. Hy herstel die fout en maak dit gesond, genees dit.

Deur gemeenskap aan die verheerlikte liggaam en bloed van Christus kan die nuwe lewe groei, maar ook versterk word teen die aanslae wat dit moet verduur. Die geestelike en hemelse lewe van die wedergeborene moet in 'n troostelose en gebroke wêreld geleef word. Daarom is troos en verkwikking so nodig. Die invloed van die wêreld, die aanslae van Satan en die geveg teen die ou sondige natuur vermink die nuwe lewe en daarom moet dit herstel en na die oorspronklike toestand teruggebring word. Die Nederlandse Geloofsbelydenis leer hiermee dat bemoediging en opbeuring deur die eet en drink van die liggaam en bloed van Christus plaasvind. Liggaam en bloed is onskeibaar. Verder leer dit dat die liggaam van Christus voed en versterk en dat die bloed herstel. Liggaam en bloed word nie geskei nie, maar tussen die liggaam en bloed word onderskei. Met *liggaam* word veral verwys na Christus se selfoorgawe aan die kruis en sy Middelaarswerk ter wille van ons. Met sy *bloed* word veral verwys na sy lewe wat Hy op gewelddadige wyse aan die kruis afgelê het, maar ook na sy hemelse lewe en gemeenskap daaraan (Versteeg, 1980:43-47).

Deur gemeenskap aan Christus en aan sy offer in die verlede en hede, word ons nuwe lewe gevoed en versterk en deur ons gemeenskap met Christus in sy triomfantelike lewe, word ons verkwik en herstel.

## 9. WAT MAAK DIE VOEDSEL AAN NIE-WEDERGEBORENES?

Teenoor die eerste paragraaf van artikel 35 wat daarvan uitgaan dat die Nagmaal slegs vir die wedergeborenes ingestel is, word in die vyfde paragraaf geleer wat gebeur wanneer nie-wedergeborenes Nagmaal gebruik. Teenoor die wedergeborenes staan al die nie-wedergeborenes, wat hier as goddeloses beskryf word, omdat hulle nog in hul sondes bly vassit (Van Goor, 1946:351).

Wie nie wedergebore is nie, kan nie die waarheid van die sakrament, naamlik Christus, ontvang nie. Hy het nie die Gees en die geloof ontvang nie en kan daarom Christus en sy weldade nie vir homself toe-eien nie. Hy ontvang die teken, maar nie die betekende saak nie en daarom kan dit hom nie tot die ewige lewe voed nie. Dit strek daarom tot sy verdoemenis (Polman, s.j. :245). Kategismus vraag en antwoord 81 bely onder andere: "Die huigelaars en die wat hulle nie tot God bekeer nie, eet en drink 'n oordeel oor hulleself" (vgl. ook 80 en 82).

## 10. GENIET DIE VOEDSEL IN DIE SAMEKOMS VAN DIE GEMEENTE IN NEDERIGHEID EN EERBIED!

Die Nagmaal word as gemeenskapsmaal bely en daarom moet dit in die samekoms van die gemeente gehou word. Die gemeente word as gemeente gevoed en onderhou met die lewende Christus. Die gemeente onderhou *die gedagtenis aan Christus* en bely as gemeente sy geloof. Daarom is die willekeurige toelating aan die Nagmaal as verbondsmaaltyd, ontheiliging van die verbond en word die toorn van God oor die hele gemeente opgewek.

Die aard van die Nagmaal as persoonlike toe-eiening van Christus en as verbondsmaaltyd, vereis persoonlike en gemeenskaplike voorbereiding (vgl. Kategismus 81 en 82). Die voorbereiding, sodat die gebruiker nie 'n oordeel oor homself sal eet en drink nie, gaan hoofsaaklik oor sekerheid dat die Nagmaalsganger Christus eet en drink, maar ook oor die gelowige se suiwer leer en lewe (Van Bruggen, 1980:184).

Die vrug van die toe-eiening van Christus en sy weldade is dat die gelowige beweeg word tot vurige liefde vir God en die naaste (Polman, s.j. :247). Die Kategismus verwys in hierdie trant na die versterking van die geloof en die verbetering van die lewe (81). Daarom word brousels en versinsels van mense verwerp (vgl. Kategismus 80) en die vergenoegdheid met die verordening van Christus bely.

## 11. ENKELE AFLEIDINGS

In hierdie artikel is gepoog om vas te stel wat ons aangaande die persoonlike geloofsdaad van die Nagmaalsgebruiker in die Drie Formuliere van Eenheid bely. Dit kan in die volgende agt stellings saamgevat word:

- Die Nagmaal is alleen vir die wedergeborene ingestel om sy nuwe geestelike en hemelse lewe te voed en te onderhou.

- Die enigste voedsel wat die nuwe lewe kan versterk en verkwik, is Christus, en wel as die verhoogde, lewende Christus, ook na sy menslike natuur. Dit korrespondeer met die ontstaan van die nuwe lewe, die wedergeboorte deur die Woord in gemeenskap met die liggaam van Christus.

- Christus gee Homself in die Nagmaal. Dit is die primêre daad wat in die Nagmaalsviering plaasvind en waarvan alles afhanklik is.

- In die Nagmaal word die Nagmaalsgebruiker deur die werking van die Heilige

Gees, tot die daad gebring. Hy moet die lewende Christus eet en drink. Dit is sy primêre geloofsdaad.

- Die Nagmaalsgebruiker eet en drink die ware Christus met die Heilige Gees deur die geloof. Die Heilige Gees, wat in die wedergeborene is, werk kragtig om Christus, veral ook na sy verheerlikte menslike natuur, as voedsel vir die wedergeborene vir sy nuwe geestelike lewe op te neem. Deur die geloof, wat die Gees hiervoor gebruik, word Christus en sy weldade toegeëien en aangeneem.

- Wie Christus eet, word nie alleen versterk en bemoedig nie, maar ook waarlik gevoed en verkwik, asook innerlik herstel tot die beeld van die verheerlikte Christus.

- Die nie-wedergeborene ontvang bloot verganklike brood en wyn, wat vir die ware geestelike lewe niks werd is nie. Daarom eet en drink hy tot sy verdoemenis.

- Die Nagmaalsgebruikers moet sowel individueel as gesamentlik voorberei vir die eet en drink van Christus, ten einde die oë van die teken op die betekende saak te kan hou. Omdat die betekende saak Christus die Verhoogde is, wat na sy verheerlikte, menslike natuur in die hemel is, moet die Nagmaalsgebruiker in sy geloofsdaad sy hart opwaarts na die hemel verhef om Christus te kan eet en Hom daarmee te kan toe-eien.

## 12. BIBLIOGRAFIE


BARCLAY, W. 1967. The Lord's Supper. London : SCM Press.

BERKOUWER, G.C. 1954. De Sacramenten. Dogmatiese Studien. Kampen : Kok.

CALVYN, J. 1959. Institutie of onderwijzing in die Christelijke Godsdienst. Deel 3. Delft : Meinema.

DELLEMAN, T.H. 1978. Altijd bereid tot verantwoording. Aalten : De Graafschap.

DE KLERK, P.J.S. 1954. Gereformeerde Simboliek. Pretoria : Van Schaik.

DIJK, K. s.j. De Catechismus-preek in haar verscheidenheid. Franeker : Wever.

FEENSTRA, J.G. 1937. De Dordtsche leerregelen. Kampen : Kok.

FEENSTRA, J.G. 1966. Onze geloofsbelijdenis. Kampen : Kok

GRAAFLAND, C. 1973. Waarom nog Gereformeerd? Theologie en Gemeente 7. Kampen : Kok

HANCO, H.C. 1976. The five points of Calvinism. Grand Rapids : Reformed Free Publication Assosiation.

HARTVELT, G.P. s.j. Tasbaar evangelie. Nieuwe Commentaar Heidelbergse Catechismus deel III. Aalten : De Graafschap.

HARTVELT, G.P. 1960. Verum Corpus. Delft : Meinema.

MATTER, H.M. 1978. De Sacramenten van de kerk. Altyd bereid tot verantwoording. Aalten : De Graafschap.

McDONNEL, K. 1967. John Calvin, the Church and the Eucharist. Princeton : University Press.

POLMAN, A.D.R. s.j. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Deel 4. Franeker : Wever.

POPMA, K.J. 1962. Levensbeschouwing. Deel IV. Amsterdam : Buyten & Schippersheijn.

SIMPSON, H.W. 1981. Calvyn se Kategismus. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
SEEBERG, R. 1966. Text-book of the History of Doctrines. Deel L. Grand Rapids : Baker Book House.
VAN BRUGGEN, J. 1980. Het Amen der Kerk. Amsterdam : Ton Bolland.
VAN DER WAAL, C. 1973. Die Dordtse Leerreëls verdor nie. Johannesburg : De Jong.
VAN GOOR, N.Y. 1946. Het geloof der vaderen. Groningen : Jan Haan.
VAN 'T SPIJKER, W. 1980. Bij brood en beker. Goudriaan : De Groot.
VELEMA, W.H. 1976. De zaak waarvoor wij staan. Amsterdam : Buyten & Schippersheijn.
VERSTEEG, J.P. 1980. Het avondmaal volgens het Nieuwe Testament. (*In* VAN 'T SPIJKER,W. *et al.* Bij Brood en Beker. Goudriaan : De Groot. p. 9-66).
WALLACE, R.S. 1982. Calvin's doctrine of the Christian life. Geneva : Geneva Divinity School.
URSINUS, A. 1886. Verklaring op den Heidelbergschen Catechismus. Kampen : Zalsman.